# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/11)

*Justin Chadwick (27 Mei 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "A ship is safe in harbor, but that's not what ships are for" William Shedd*

## SAMESPANNING IN SKEEPSREDERYE

**18 Mei 2011 (Frankfurter Allgemeine Zeitung / The Wall Street Journal Online)** – Die Europese Kommissie verdink verskeie skeepsrederye van prysvasstelling, onder hulle is Duitsland se grootste sektor firma Hapag-Lloyd, mededinger Hamburg Sued en wêreld-leier AP Moller Maersk van Denemarke. Amptenare van die Kommissie het ook die onderskeie kantore in Europa van Hong Kong's Orient Overseas (International) Ltd., Taiwan's Evergreen Marine Corp. (Taiwan) Ltd. en Hanjin Shipping Co., Suid-Korea se grootste houerdraer (in volume) besoek. Die EC het die kantore van verskeie maatskappye in die sektor deursoek. Tans bestaan daar nog net agterdog volgens die EC en steeds geen bewyse van skuld by die firmas nie. Daar is geen sperdatum vir die afhandeling van die ondersoek nie.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

'n Datum is vir die volgende CMF bepaal - 22 Junie 2011 om 10:00 by die gewone plek (Willow Park Konferensie Sentrum). Daar word voorsien dat die vergadering teen 15:00 klaar sal wees (middagete word voorsien). Laat weet asseblief vir Gloria (Gloria@cga.co.za); en moet asseblief nie vlugreëlings vir terugvlugte voor 17:00 tref nie.

Van die sake wat deel van die agenda gaan wees, is die kwaliteitsprobleme vroeg in die seisoen – in meeste gevalle is daar aanduidings dat klimaatsfaktore die grootste rolspeler is. Reën op 'n kritieke tyd kan vrugontwikkeling by satsumas beïnvloed. 'n Tweede aspek is vervoer en die swak laai van trokke wat veroorsaak dat palette en kartonne in duie stort. Dawid Groenewald het 'n paar foto's van die probleem verskaf en dit is nie 'n mooi prentjie nie. Daar is oplossings wat geïmplementeer moet word om dit in die toekoms te voorkom. Dit maak net nie sin om so baie aan produksie en verpakking te spandeer en dan verloor jy die vrag oppad na Durban. 'n Derde punt is om na die oorspronklike oesskatting te kyk en daaropvolgende voorspellings vir die res van die seisoen te maak. Veral vruggroottes is van belang omdat dit 'n impak op die globale verspreidingspatrone van uitvoere sal hê. Die Japanese Fokusgroep stel veral belang in die verspreiding van die groottes van pomlo's vir die res van die seisoen.

Ander sake sal markverslae, DAFF se opvolg op sanitêre, fitosanitêre en gehalte aangeleenthede, asook terugvoering van PPECB rakende die EDI en verwante sake insluit. Indien daar enige ander sake is wat lede van die CMF as deel van die agenda wil insluit, kontak asseblief vir Stuart Symington stuart@fpef.co.za - hy gaan die vergadering lei.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

**Clementines** het nou die 1 miljoen merk (15kg karton ekwivalente) verby gesteek –die nuutste voorspelling is 2.5 miljoen kartonne. Dit is interessant om daarop te let dat in die laaste drie jaar presies dieselfde hoeveelheid **pomelo's** tydens hierdie week gepak is - 1.2 miljoen kartonne (illustreer dalk die pakhuise se vermoëns om pomelo's in Suid-Afrika te pak). Van die pomelo's wat gepak is, is 84% Star Ruby. Die Nawel-pakkery het ook momentum gekry met 2.6 miljoen kartonne wat tot op datum gepak is (1.2 miljoen in die afgelope week). **Rusland** het weereens 'n voorkeur vir suider-Afrikaanse sitrus getoon met 35% van die lemoene, 26% van die suurlemoene, 19% van die sagte sitrus en 16% van die pomelo's wat tot op datum daarheen verskeep is. Met drie skepe wat na Japan onderweg is, het 20% van die pomelo's na daardie mark gegaan en 9% van die suurlemoene na bestemmings in die **Verre-Ooste.** Meeste van die suurlemoene (44%) is na die **Midde-Ooste** (tot op datum) verskeep, terwyl lemoene ook 'n gunsteling in die Midde-Ooste is wat 30% van die volumes wat tot op datum verskeep is, geneem het. Soos altyd is **Noord-Europa** ook 'n gunsteling bestemming met 46% van die pomelo's, 20% van die sagte sitrus, 19% van die lemoene en 8% van die suurlemoene wat na daardie rigting tot op datum in 2011 verskeep is.

Die **Nawel-** en **Valencia** fokusgroepe het gedurende die week vergader en beide het hul verwagte volumes effens afwaarts aangepas. In terme van die totale sitrusvolumes is die nuutste voorspelling 500 000 kartonne minder as die oorspronklike skatting in Maart.

| Tot Week 19<br>Miljoen kartonne 15 Kg | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Ooorspronkilke Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 5.2 m | 4.8 m | 5.7 m | 2.8 m | 4.2 m | 14.7m | 15.2m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 2.6 m | 3.4 m | 3 m | 2.4 m | 2.3 m | 7.9m | 7.4m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 2.6 m | 4 m | 3 m | 2.4 m | 2.3 m | 9.8m | 9.7m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 2.2 m | 3.7 m | 2.6 m | 1.3 m | 1.3 m | 19.4m | 19.1m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.8m | 46.5m | 45.9m |
| | 12.6 m | 15.9 m | 14.3 m | 8.9 m | 10.1 m | 94.7m | 94.2m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**